

ORDENKING (Lidmaatskap)


Wat beteken dit as ek sê ek is lidmaat van 'n kerk?

Miskien verstaan ons dit beter as ons die volgende onthou (gedagtes uit die boek "Nuwe drome vir nuwe werklikhede" van Nelus Niemandt – p83, met hier en daar aanpassings en byvoegings):

- † **Die kerk is 'n familie en nie 'n organisasie nie:** Jy as mens is lidmaat van 'n kerk - saam met ander mense. Mense wat in Christus jou broer of jou suster is. Soos jy nie jou familie kan kies nie, kan jy ook nie jou geestelike familie kies nie – almal wat in Jesus glo, selfs die boemelaar of die buurman van wie jy nie hou nie, is jou broer of suster in Christus. As lid(maat) van hierdie geestelike familie, moet jy as deel van jou lidmaatskap hierdie geestelike familie van jou versorg, vir hulle verantwoordelikheid neem, ens.;
- † **Die kerk is mense en nie 'n plek of gebou nie:** "Kerk" is met ander woorde 'n werkwoord en nie 'n selfstandige naam nie. "Kerk" is die netwerk van mense wat rondom dieselfde waardes en rondom dieselfde sentrum – Jesus Christus – byeenkom. **Die identiteit van die gemeente** het nijs te make met die gebou waarin van tyd tot tyd aanbid word nie, maar **het alles met die gemeenskapslewe tussen die lidmate te make**;
- † **Die kerk is 'n gemeenskap wat onderling aan mekaar verantwoording verskuldig is:** Jy kan nie maar net jou broer en suster ignoreer nie. In liefde moet lidmate verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar. Dis belangrik dat ons mekaar help om te hou aan ons kernwaardes as Christene en aan 'n lewenstyl wat pas by "sout vir die aarde wees";
- † **Die kerk is gemeenskap en nie 'n byeenkoms nie:** Ons sê so maklik ons gaan kerk toe en ons sien maklik die kerk as die byeenkoms waar mense in die erediens saam is. Maar die gemeenskap wat tussen mense bestaan is sterker as 'n byeenkoms waar die gemeente saam bymekaar is. Die kerk is baie meer as 'n erediens van 'n uur, een of twee maal per week. **Kerk is eerder 'n gemeenskaplike leefwyse van mense wat in liefde aan mekaar verbind is.** Natuurlik is eredenste belangrik, maar ander byeenkomste van gemeentelede wat gemeenskap versterk, is net so waardevol.
- † **Die kerk is God se mense wat na die wêreld gestuur word:** Die Kerk is God se mense wat saam deelneem aan God se sending na die wêreld. Dus is die kerk nie 'n plek waarheen mense kom om iets daar te ontvang nie, maar 'n plek van waar mense gestuur word om lewe aan die wêreld te gaan gee.

Broer en Suster in die Here: Mag bostaande jou help om jou plek as mens binne die gemeente en die kerk beter te verstaan. Soveel so dat jy jou lidmaatskap van die kerk nog beter sal uitleef as iemand wat in verhouding met al die ander lidmate staan, en as iemand wat vanuit die kerk na 'n verloregaande wêreld uitreik.

Ds Leon Tait



Maandblad

Junie 2009

2009 is die jaar van herlewning

Herlewning: méér liefde

Wat wil God in herlewning doen? Waarvoor bid ons in herlewning? Herlewning het baie fassette. **Liefde** is 'n uiters belangrike deel daarvan. Herlewning word gekenmerk deur méér liefde vir God, méér liefde vir mekaar, en méér liefde vir ander in nood.



Dit gaan in herlewning oor verhoudinge! Dit gaan veral oor ons verhouding met God en ons verhouding met mekaar.

- **Ons verhouding met God:** ons bid dat God in herlewning geloofskerheid sal gee vir almal in die gemeente wat dit nog nie het nie; 'n groter en heelhartiger liefde vir God en Sy Woord; 'n lewe naby God deur gebed en gehoorsaamheid aan Hom; 'n sterker begeerte en strewe om meer Christusgelykvormig te word; beskikbaarheid vir diens aan God en 'n meer geloofwaardige uitleef van christenskap, elke dag, en oral!

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is (Rom 12:1)

- **Ons verhouding met mekaar:** Hy het ons Sy familiekring gemaak om in hegte en naby verhoudinge van liefde met mekaar te leef. Die Here wil hê dat hierdie liefde so anders en radikaal sal wees dat almal God se liefde in ons sal raak sien. Wanneer ons mekaar lief het met Jesus-liefde sal almal weet dat ons Sy dissipels is! Met herlewning wil God ons liefde vir mekaar hegter, sterker en méér maak.

En mag die Here julle liefde vir mekaar en vir alle mense laat groei en oorvloedig maak (1 Tes 3:12)

Bid saam met ons vir herlewning! Bid: Here, begin by my met U herlewning!

Ds Leon van Heerden

!! Onthou-Datums !!

- ✖ 31 Mei – 4 Junie @ 18:30 Herlewingsdienste - in die kerk
Predikers: di Nico van Wyk en Willem Badenhorst
- ✖ 7 Junie @ 9:00 Herlewingsdiens
- ✖ 9 Junie @ 18:30 Doopkategese
- ✖ 14 Junie Nasionale biddag vir Blindes & Vadersdag
- ✖ 21 Junie @ 9:00 Gesamentlike Kinderdiens, Doop & Gemeente-Tee
- ✖ 26 Mei Skole Sluit



V raak my mond aan.....

Vader, U het U hand na my uitgesteek soos na Jeremia. U het na my uitgereik om my aan te raak.

Here, U raak dié deel van my aan wat U in beweging wil kry – my mond. My mond wat ek so maklik vir myself gebruik – U raak dit aan om dit vir U te open. Met hierdie ontsluiting van my lippe kom ook die belofte dat ek my nie hoef te bekommer oor wat ek moet sê nie, want U Heilige Gees sal elke woord vir my in die mond lê wat U daar wil hê.

Wanneer U my mond aanraak, gee U iets van Uself aan my – U woorde wat U in my mond lê. Ek hoef dus nie self te praat nie. Ek kan U vertrou om die praatwerk deur my te doen – om U woorde te laat uitborrel wanneer U dit van my verlang. Ek kan U ook vertrou om dèt wat U aan my toevertrou het en waarvoor U my geroep het, reg te gebruik.

Ek kan nie nou meer my mond gebruik waarvoor ek wil nie. Deur U aanraking en U toesegging dat U u woorde in my mond lê, is my mond en my woorde nou U s'n. U neem dit oor om vir U te gebruik. My woorde verdwyn, U woorde is nou my woorde.

Deurdat U my aangeraak het, sonder U my af en rus U my toe. Ek behoort aan U. Daarom kan U aanspraak maak op my: om 'n diensknieg vir U te wees.

Vader, ek kan nie onveranderd bly nadat U my aangeraak het nie. Ek is gekoppel aan die Bron van die lewe, sodat strome van lewendige water uit my binnekant kan vloei. My woorde moet nou altyd tot U eer en tot U verheerliking wees.

Here, aan U gee ek my oor. Gebruik my soos U wil.

Amen

"Naamloos" Jeugbediening



In ons gemeente het die Here ons geseën met pragtige groei; geestelik en in getalle! Daarvoor kan ons net dankie sê, maar tog is ons werk nog lank nie verby nie!

Volgens amptelike statistieke is 55% van ons land se bevolking op hierdie oomblik tussen 1 jaar en 25 jaar oud. Dit beteken dat meer as die helfde van ons land se bevolking "jongmense" is. Oor die algemeen maak hierdie ouderdomsgroepe maar omtrent een vyfde van die NG Kerk se getalle uit. Dit laat 'n mens dan met die vraag: "Waarheen het al die jongmense verdwyn?" Het kerke, of die Christelike geloof heeltemal "out of touch" met die jong kultuur geraak?

Die boodskap van Jesus sal **NOOIT** oud raak nie en hou lewe, vreugde en vrede in, vir almal wat Jesus as Verlosser aanneem! Om hierdie rede werk ons hard om jongmense weer by die Here uit te bring, en om die kerk 'n plek te maak waar hulle tuis kan voel. Ons werk is nog lank nie verby nie!

Jongmense is nie net die kerk van die "toekoms" nie, maar ook deel van die kerk van "vandag"! Daarom wil ons nie in afsondering leef nie, maar wil ons hê dat ons ouers moet weet wat in ons lewe aangaan, en daarom gaan ons julle op hoogte van sake hou! Raak betrokke by die jeug bediening deur vir ons te begin bid!

Louis Scheepers

Bediening vir Lidmaatskap

Jy is vir God se familie geskep. God wil 'n familie hê, en het jou geskep om deel daarvan te wees. Dit is deel van God se doel vir jou lewe, en Hy het dit beplan reeds voor jy gebore is. God het nie 'n familie *nodig* nie, maar Hy wou een hê, en toe maak Hy 'n plan om ons te skep, deel van sy familie te maak, en alles wat Hy het, met ons te deel. Dit gee God groot behae.

Wanneer ons in God glo, word God ons Vader. Ons word sy kinders, en die kerk word ons geestelike familie. Jou geestelike familie is selfs belangriker as jou fisiese familie, want dit gaan vir ewig duur. Ons families op aarde is 'n wonderlike gawe van God, maar hulle is verganklik. Daarenteen gaan ons geestelike familie – ons verhouding met ander gelowiges – die hele ewigheid lank bly bestaan.

Die Bybel sê: "Hy wat heilig maak, sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie." Laat dié wonderlike waarheid insink. Jy is deel van God se familie, en omdat Jesus jou heilig maak, is God trots op jou! Jesus se woorde is onmiskenbaar: "Toe wys Hy na sy dissipels en sê: 'Daar is my moeder en my broer! Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en my suster en my moeder.'"

Om deel van God se familie te wees, is die hoogste eer en die grootste voorreg wat jy ooit sal ervaar. Niks kom eens naby nie! Lidmaat-wees beteken om nie maar 'n toeskouer of passasier te wees nie, maar om deel van God se diensspan in die gemeente en wêrelde te wees.

** Die Here het ons die afgelope 12 maande geseen met 73 belydende lidmate en 29 dooplidmate wat tot die gemeente bygevoeg is! Daar is 'n netwerkkursus aangebied wat deur 10 persone bygewoon is en 'n goeie geleentheid was om jouself te ontdek.

Indien jy gelei word om in te skakel by die bediening vir lidmaatskap tree gerus in verbinding met:

Jan Landman (082 875 2879) of Gerrit Roux by (082 449 9651).

OMGEEGROEPE

Waaroor gaan dit - Wat sê die Bybel?

- **Jesus se dissipelkring:**

Alhoewel Jesus uitgereik het na die meniges en vir hulle gepreek het, het Hy die meeste van sy tyd aan 'n kleingroep van twaalf dissipels bestee. Hy het hulle **geleer** om die Skrif te verstaan, te **bid**, te **getuig** en in hulle midde het Hy die **Nagmaal** ingestel.

- **Die eerste Christene:**

Ons lees dat die eerste Christene getrou saamgekom het, en **in huise** vergader het (Hand 5:42, 20:7-12 en 12:12). Ons lees dat hulle in Jerusalem bymekaar gekom het in **Maria** se huis (Hand 12:12), in Filippi in die huis van **Lidia** (Hand 16:40), in Rome in die huis van **Priscilla** en **Akwila** (Rom 16:3-5). In die stad Korinte het die gelowiges in **Gaius** se huis vergader (Rom 16:23), in Laodisea in die huis van **Nimfa** (Kol 4:15) en in die stad Kolosse in die huis van **Filomon** (Filemon 1:1-2).

- **'n Lid van die Ligmaam:**

In 1 Kor 12:13 en 26-27 lees ons dat elke Christen deel is van die liggaam van Christus. Elke lid het 'n verantwoordelikheid om sy/haar taak uit te voer en het daarom 'n eie belangrike **funksie**. Ons is een liggaam, maar elke lid het sy/haar eie gawes en sy/haar eie taak.



deel 1 van 3 - vervolg....

Nuwe Intrekkers

CJ Reyneke



Elize van Jaarsveld



Denise Whitehouse &
Jaco de Ru



Hantie & Leana vd Westhuizen

Deon, Alice, Liesel &
Petro Jonker



Johan & Irene Zovitzkey



Welkom by NG Gemeente Rietfontein-Suid!



Pieter & Susan vd Schyff